

Ds. A. W. C. Bester  
Lambertsbaai  
11 Augustus 2002

Onderwerp: Afhanklik van God

Lees: Lukas 18 verse 9 tot 14  
Lukas 12 verse 13 tot 21  
Matthéüs 5 vers 3

Teks: Matthéüs 5 vers 3

Sing: Gesang 205 verse 1 en 2  
Gesang 175 vers 2  
Gesang 235 vers 2  
Gesang 260 vers 11  
Gesang 281  
Gesang 276 verse 1 en 2

“Die bergrede van Jesus is sekerlik een van die mees aangrypende gedeeltes in God se Woord. Waarom? Omdat Jesus self die prediker is.

“Reg aan die begin wil Jesus drie dinge aan sy volgelinge sê, naamlik: ons is arm; ons is hulpbehoewend; en ons is bankrot.

“Eers as jy en ek dit erken en weet, kan ons, ons gereed maak vir ’n gelukkige lewe sê Jesus!

“Jesus sê hierdie bankrotskap is die enigste weg tot ’n gelukkige lewe. En Broers en Susters, dit is nie sommer ’n speel-speel, sê maar so, bankrotskap nie. Nee, die armoede wat Jesus in die oog het, is algehele afhanklikheid van God!

“Op hierdie fondament moet ons, ons lewenshuis bou. Sonder dié fondament bou jy jou huis op sand.

“By geleentheid het Jesus die gelykenis van die ryk dwaas vertel. (Luk 12:13-21) Dié man was ryk aan aardse goed. Sy winste en bates het toegeneem. Hy moes later nog meer skure bou om sy oeste in te stoor.

“Die gevolg?

“Hy was selfvoldaan en tevrede. Hy was die prototipe van ’n selfstandige mens, wat niks en niemand nodig gehad het nie. Hy was onafhanklik. Só selfstandig het hy geraak dat hy God ook nie meer nodig gehad het nie.

“Maar Broers en Susters, dan plaas God sy verlore siel teenoor al die rykdom op die skaal.

“Die gevolg?

“Die rykman sterf brandarm, want ’n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie.

“Broers en Susters, die mens wat voor sy dood nie besef hoe afhanklik hy van God is nie, ontdek ná sy dood hoe arm ’n mens is wat sonder God sterf - arm tot in ewigheid.

“Wat beteken afhanklikheid?

“Afhanklikheid beteken om nie sonder hulp verder te kan gaan nie, maar om hulp te soek en te vra en wat meer is, om hulp te aanvaar.

“Hoe afhanklik is jy?

“Kan jy alleen regkom?

“Kan jy goed sonder mense klaarkom?

“Is jy gesond?

“Het jy genoeg geld?

“Is jy tevrede met jouself?

“Broers en Susters, ons het ongelukkig baie selfvoorsienend geraak. Ons het middele en maniere ontdek om onafhanklik te wees. As ek teëspoed langs die pad kry met my motor, het ek nie ander se hulp nodig nie, want ek het my selfoon waarmee ek my onafhanklikheid verder kan bewys.

“Om te kan betaal - dit is nou ’n goeie manier om onafhanklik te wees. Of is dit?

“Nee Broers en Susters, daar is goed wat nie met geld gekoop kan word nie. Goed soos liefde, geluk, tevredenheid, ensovoorts.

“Daar kom ’n dag wanneer jy met ’n vol beursie radeloos en desperaat ontdek - ek kan nie betaal nie. Dan begin jy leer wat afhanklikheid werklik beteken.

“Die ewige lewe kan verseker nie met materiële dinge gekoop word nie. ’n Mens kan selfs meen dat jy onder gunstige omstandighede sonder God kan regkom. Maar op ’n dag moet jy en ek kies, moet ons besluit - met of sonder God.

“Toe die dissipels nie meer kans gesien het om Jesus te volg nie, het sommige verkies om Hom te verlaat. Net ’n klein groepie het by monde van Petrus bely: ‘Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe.’ (Joh 6:68)

“Broers en Susters dit is die pad van hulle wat bereid is om die lewe te kies.

“Mense wil nie afhanklik wees nie. Daar is min mense wat hulle afhanklikheid van God erken - siek en arm mense wel.

“Afhanklikheid sê: ek het jou nodig; sonder jou kan ek nie klaarkom nie; sonder jou kan ek nie lewe nie;

sonder jou is ek nie 'n afgeronde mens nie; sonder jou is ek nie 'n gelukkige mens nie.

“Onafhanklikheid sê: ek sal self regkom - ook sonder jou; ek is oor niemand verleë nie; ek is selfgenoegsaam.

“Die Bybel se boodskap is dat jy jou afhanklikheid moet bely. Jy moet soos 'n bedelaar voor God gaan kniel. Christene is mense wat erken dat hulle afhanklik is. Eerstens dat hulle afhanklik is van God.

“Hierdie afhanklikheid het in die eerste plek nie met materiële nood te make nie. Nee, die teks kom sê vir ons dat ons geestelik so bankrot voor God is, dat ons niks kan aanbied nie. Soos Paulus moet ons bely: ek is soos 'n ou verslete kledingstuk wat maar weggegooi kan word.

“Teenoor die afhanklikheid van ware dissipelskap, stel Jesus dikwels die lewe van die Fariseërs as voorbeeld. Hierdie skyngelowiges moes dikwels die 'wee julle' uit die mond van Jesus verneem. U sien, hierdie mense het die ewige God gesien as 'n bankier. Iemand wat wel nie geld en goed nie, maar goeie werke in ontvangs neem. Die tempel is die bank waar 'n mens jou kapitaal aan goeie werke kan deponeer. En wie daaglik en gereeld sy goeie werke by God gaan inbank, hy of sy is ryk. Daarom kom die Fariseër daar in die tempel spog by God: ek vas twee maal per week. Ek gee tiendes en ek dank u dat ek nie soos hierdie tollenaar is nie. In die oë van die Fariseër was die tollenaar arm voor God en daarom vervloek.

“Die tollenaar daarenteen het sy geestelike armoede voor God besef en nie probeer om te betaal nie. Al wat hy doen, is om te soebat en om genade te vra. Hy was van God afhanklik. En God het die tollenaar aanvaar en was hom genadig, sê Jesus.

“Broers en Susters, sondaars is bankrot mense. Dit is 'n armoede wat my laat besef dat sonder God ek nie kan leef nie, al sou ek skatryk wees, want ek is 'n sondaar voor God. Diep in skuld. Saam met die tollenaar moet ek bid: '... o God, wees my, sondaar, genadig!'

“Vir bankrot bedelaars wat weet hoe afhanklik hulle van God is, sê Jesus: 'julle sal die koninkryk van God beërwe.'

“Die koninkryk van God, Broers en Susters, is vir mense wat van hul eie trone afstand gedoen het, want trone en krone laat 'n mens mos verkeerdelik dink dat jy nie afhanklik is nie.

“Wat beteken hierdie Bybelse belofte? Dit beteken om elke dag van jou lewe daadwerklik te ervaar hoe

God na sy kinders omsien. Dit is die onbeskryflike bevryding wat 'n mens ervaar as jy op die HERE kan vertrou en wegkom van jou eie pogings om kop bo water te hou. Die koninkryk van God het ook met die tollenaars te doen.

“Onthou, wie 'n kind van God is, is ook erfgenaam van God en mede-erfgenaam van Jesus Christus.

“By geleentheid het Jesus gesê: ‘Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehag daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee.’ (Luk 12:32)

Hierdie belofte sal diegene wat in afhanklikheid van God lewe, al meer ondervind; totdat dit eendag, wanneer al die armoede en pyn van hierdie wêreld sal wegval, vir hulle ten volle sal realiseer. Want hier op aarde ervaar ons mos maar ten dele wat dit beteken om koningskinders te wees. En tog is dit wat ons hier ten dele ervaar, só opwindend heerlik.

“Broers en Susters, om van God afhanklik te lewe, is ook 'n uitdaging. Dit is die fondament van 'n lewe wat sin maak. Dit is die eerste treë op die pad na ware rykdom. Dit is 'n wenpad! Daarom moet ek en jy ons voortdurend afvra:

“Kan ek sonder God klaarkom?

“Kan ek myself help?

“Het ek raad met my sondeskuld?

“Beskik ek oor enige middele waardeur ek iets by God kan verdien?

“Broers en Susters, omdat ons almal maar net gewone mense is, moet ons op al hierdie vrae met 'n duidelike NEE antwoord. Want voor God is ons almal bankrot.

“Hoe nou gemaak?

“Dit is maklik om jou afhanklikheid van God te erken. Steek jou leë hande uit na God en sê vir Hom: ‘... o God, wees my, sondaar, genadig!’ En jy sal ontdek wat dit beteken om 'n erfgenaam van sy koninkryk te wees; 'n koningskind; God se kind; 'n afhanklike kind; 'n gelukkige kind.

“Arm van gees en afhanklik van God kan 'n mens eers wees as jy met leë hande van geloof na die gekruisigde Jesus uitreik.

“Daarom is afhanklikheid ook oorgawe. Dit beteken om nie meer self te probeer regkom nie. Krisis situasies is uit die aard van die saak aanduidings van die lewensterreine waar 'n mens afhanklik is van God. Daar is gewoonlik 'n krisis omdat ek buite raad en vermoë is. Dan roep ek: Here help my!

“Maar Broers en Susters, om afhanklik van God te leef, beteken nou nie dat ek ’n waarborg teen broodsgebrek, of siekte, of enige ander ellende gekry het nie. Jesus se eie lewe is ’n sprekende bewys hiervan. Hy moes geweldige ontberings verduur. Maar Hy leer ons presies wat dit beteken om van God afhanklik te wees. In sy oomblikke van krisis het Hy hom tot sy Vader gewend.

“Wie die hele wêreld besit maar in God se koninkryk niks is nie, sal vir ewig arm bly.

“Die heel belangrikste vraag is dus: hoe goed is jy vir die ewigheid toegerus? Die dood tref ons amal op een of ander dag - ook vir God se kinders. Wat het jy dan om op terug te val?

“Jesus bied die gewaarborgde versekering aan: die koninkryk van die Hemel is vir hulle wat van God afhanklik is.

“Dit is die polis vir tyd en ewigheid, slegs vir God se kinders.

“Nou kan die storms van die lewe maar kom, die terugslae ons tref, die verliese ons beroof. As ons ware dissipels van Jesus is, is ons ryk. Ons is mede-erfename van God. En hierdie erfenis is onvervreembaar, onaantasbaar. Daarom kan God se kinders altyd blymoedig wees en lofgesange in die donkerste van die nag sing.

“Ons bely ons armoede in onself, maar roem in die rykdom van God se koninkryk.

“Arm en tog ryk!

“Amen.”